# Rietstok – Uitgawe 62

Augustus 2024

# Winter



## Inhoudsopgawe


- Life lessons
- Uit die Voorsitter se venster
- Oordenking
- Seniors
- Wat maak oom Kallie daar?
- Ter nagedagtenis
- Storie tyd – Desember 2023
- Kampkos
- Kom ons lag saam
- Verjaardae en herdenkings
- Totsiens van ons
- Advertensies


<u>IEMAND SE KIND</u>.

Ou broer, het jy kinders? Ken jy die liefde van 'n pa en 'n ma? Ken jy die liefde van 'n oupa en 'n ouma? Die omgee van geliefdes vir geliefdes?

Gister sien ek 'n boemelaar. Kyk, hul gesigsuitdrukkings spreek mos boekdele. Meestal lees jy swaarkry daarin. Dikwels sien jy die leegheid daarin.

Ander kere sien jy die verlange en soeke na omgee. Oë wat vertel wat hul nie kan of wil vertel nie. Oë waarvan die trane vlak sit. Oë wat vol hoekoms en waaroms is.

Ek vra myself dikwels af hoe hul lewensverhale verloop het, waar het dinge skeefgeloop? Waar het hul die groot seerkry ervaar? Die groot seerkry wat hul menswaardigheid aangetas het. Hul boedel laat oorgee het.

Ek hou hom dop, in die blink van 'n verfblik deksel sit hy na homself en staar. ''n Spieël het hy nie, soos wat hy baie ander dinge nie het nie. Ek kan my net indink aan die dowwe vaal beeld wat vir hom terug staar.

En dadelik dink ek, hy is iemand se kind, se kleinkind. Was iemand se geliefde. Dalk nog steeds, maar die groot seer het hom van alles ontneem. Seer wat verkeerd hanteer is.

Seer wat dalk in sy oë wys. Party se seer was so groot, daar kry jy oë wat van leegheid getuig. As jy dalk so iemand sien, dink aan hom as iemand se kind.

<u>Vreugde en vrede vir julle.</u>

## Rietvallei Bestuur

**Voorsitter**
Pieter Viljoen 078 094 7436

**Ondervoorsitter**
Frans Scholtz 082 576 3516

**Penningmeester**
Tjaart Klaasen

**Sekretaris**
Johan la Grange 063 132 8151
rietvallei.sawasekr@gmail.com

**Senior Burgerverteenwoordiger**
Elmarie le Roux 083 551 9367

**Addisionele lid**
Pieter le Roux 083 258 3613

**Streekskampkoördineerder**
Betus Marx 061 581 2560

SAWA Webblad: www.sawa.org.za

Find us on Facebook




A young lady sat in a bus. At the next stop a loud and grumpy old lady came and sat by her. She squeezed into the seat and bumped her with her numerous bags.

The person sitting on the other side of the young lady got upset, asked her why she did not speak up and say something.

The young lady responded with a smile:

"It is not necessary to be rude or argue over something so insignificant, the journey together is so short. I get off at the next stop."

This response deserves to be written in golden letters:

"It is not necessary to argue over something so insignificant, our journey together is so short"

If each one of us realized that our time here is so short; that to darken it with quarrels, futile arguments, not forgiving others, discontentment and a fault-finding attitude would be a waste of time and energy.

Did someone break your heart? Be calm, the journey is so short.

Did someone provoke or intimidate you? Be calm, forgive; the journey is so short.

Did someone betray, bully, cheat or humiliate you? Be calm, forgive; the journey is so short.

Whatever troubles anyone brings us, let us remember that our journey together is so short.

No one knows the duration of this journey. No one knows when their stop will come.
Our journey together is so short.

Let us cherish friends and family. Let us be respectful, kind and forgiving to each other. Let us be filled with gratitude and gladness.

If I have ever hurt you, I ask for your forgiveness. If you have ever hurt me, you already have my forgiveness.

After all, Our Journey Together is so Short! God bless you!
Have a safe journey!

# Oordenking

Soos vandag het vroeë kerk ook probleme toe ervaar (+/- 90/95 nc). Die grootste probleem was dwaalleringe en misleiding, selfs uit eie geledere. Baie gelowiges het volgens die standaarde van die sondige wêreld begin lewe en nie meer belei dat Christus die verlossing is nie. Nog 'n groot probleem was dat geloofsbeleidenis en die lewe nie met mekaar gerym het nie. Vir baie was geloof net 'n teorie.

Ware Christenskap. Dit behels 3 x dinge:

- Dit is gegrond op die getuienis in die Woord van God.
- Dit is wedersyds. Daar moet ook eenheid wees onder gelowiges.
- Dit moet daagliks deur die Heilige Gees vernuwe word. (Ds Sarel).

Ware Geloofsgemeenskap. Die gevolge van 'n lewe in Jesus Christus is dat daar 'n nuwe lewensgemeenskap tot stand kom. Dit is ons wat deur geloof deel het aan dieselfde belewenis van lewe en dit met mekaar deel. 'n Nuwe persoonlike verhouding kom tot stand. Dit is vertikaal (met God en Jesus) en Horisontaal (Met mekaar). Dit is om deel te wees van 'n nuwe gesin.

Om jou geloof saam met ander te beleef, dus om saam met ander elkeen 'n intieme persoonlike verhouding met God te hê, bring 'n nuwe deelhê tot stand. Ware geloofsgemeenskap beteken dat daar nie net eenheid op sosiale vlak is nie, maar ook op 'n geestelike vlak. Dit is slegs moontlik deur 'n lewende verhouding met Christus te hê.

Geloofsgemeenskap en die sekerheid oor die besit van die ewige lewe is twee kante van dieselfde munstuk. Sekerheid is die bewussyn van waaruit 'n mens leef en gemeenskap is die belydenis daaroor. Leef in die lig, leef in liefde. Onthou christelike liefde is gelukkig nie 'n gevoel nie, maar 'n keuse volgens 'n defnitiewe voorbeeld. Dit is elkeen se keuse om te besluit dat ons 'n medemens met respek gaan behandel en besorg is oor sy welsyn, ongeag jou gevoelens.

Om te lewe beteken om 'n intieme, persoonlike verhouding met die Vader en die Seun te hê en dit met die verwesenliking van blydskap te beleef.

Vraag: Is jou beleidenis en lewe geïntergreer? Onthou die toets is: 'n Christen is iemand wat doen wat Christus hom beveel het om te doen en lewe soos Christus wil hê ons moet lewe (Gehoorsaamheid en doen).
(Die Bybel in Praktyk en Die Bybellennium)

Frans Scholtz



## Uit die Voorsitter se pen

My liewe Rietvallei vriende,

Ons staan op die vooraand van nog 'n AJV en met dit natuurlik besef mens weereens hoe vinning die tyd verby snel.

Ek wil graag bietjie stilstaan by ons tema van die 2024 AJV wat handel oor LUISTER. Partykeer as Magdaleen iets met my deel en ek so met 'n halwe oor luister en die ander helfde nog iets anders doen, en ek dan oor die kole gehaal word omdat ek nie luister nie, besef ek die waarde van hierdie baie belangrike sintuig.

Ek wonder sommer dan nou onwillekeurig of ons genoeg tyd afstaan aan mekaar om net te luister. Want, as ons behoorlik luister mag ons ook hoor hoe dit werklik met ons mense gaan.

Soveel mense is maar net so bedraad dat hul nie direk sal sê dit gaan of goed of sleg nie. Hulle hoop heel moontlik dat die boodskap ontvanger sal hoor of daar hartseer, leed of enige ander iets skuil. Hoe lekker sou dit nie wees as ons een en elkeen meer tyd maak om te luister nie. Nie luister en werk aan 'n antwoord nie, maar werklik luister. Kom ons doen meer vir mekaar deur net eenvoudig te luister.

Sterkte ook aan almal wat tans gebuk gaan onder siekte of enige vorm van leed, hartseer of bekommernis. Weet dat ons as Rietvalleiers daar is vir julle almal.

Ons groet ook vir Magda en Rudi Britz wat klaar maak as Sawanante. Dit sou geensins reg wees as ek nie ook 'n "Ode" aan hul skryf nie. Magda vir jou ontskatbare bydraes oor die afgelope klompie jare wil ons 'n groot dank gee. Jy het regtig uitstekende werk gedoen en sal baie gemis word. Rudi so ook vir jou met jou kennis en vaardighede met die Karavaan dinge. Ons glo en vertou almal saam dat julle baie gelukkig en suksesvol sal wees in jul lewenspad. Mag Liewe Jesus jul elke dag toevou in sy kosbare liefde. En onthou, julle sal altyd welkom wees om saam met ons 'n kamp kuier te maak.


Ek hoop ons sien baie van ons lede by die AJV en die naweek wat saam met dit loop.

Veilig sleep.

**Pieter Viljoen**

**"The most iportant thing is to try and inspire people so that they can be great in whatever they want to do." (Kobe Bryant**

## **Seniors**




**"Start where you are. Use what you have. Do what you can."**

# Wat maak Oom Kallie daar?

## …en wat van sy Mietjie?

Sedert die vorige Rietststok het die Seniors kuieroggend gehou op 1 Maart. Sommer 'n klomp vriende bymekaar om mekaar se geselskap te geniet, so oor'n koppie tee en wat. Vir sommige Rietvalleiers is dit nie meer so maklik om 'n saamtrek by te woon nie en ander het van hul woonwaens ontslae geraak. 'n Kuieroggend is 'n lekker geleentheid om mekaar weer raak te loop.
Die volgende kuieroggend is gereël vir Vrydag 7 Junie (met die Rietstok in die hand, is die datum stellig iets van die verlede). Daar word gewonder of die kuieroggende nie dalk in Rietvallei se jaarprogram opgeneem kan word nie.

Marlene Maree het kort na haar verjaarsdag in April haar rekeningkundige loopbaan (vir nou) ingekort en staan Dirk by (so verstaan ek) as terreinvoor~~man~~vrou by die nuwe woning wat Dirk vir hulle gebou het. Dirk en Marlene is eers op 'n rondreis. Die soort wat mens nog altyd wou doen en uiteindelik die geleentheid voor kry. Hoop die Marees geniet die rondlopery só, dat dit 'n goeie gewoonte word.

Sieg en Annatjie het 'n goeie voorbeeld gestel met hul besoek, woonwa en al, aan Namibië. Na hulle terugkoms van ver, was Sieg se mening oor sy welstand: "Hoe lyk dit vir jou?!" Lekker bruin gebrand en baie stories te vertel.

Dit lyk nogal of Namibië goeie aftrek kry, want Bertus en Dalena was ook weg soontoe. Hulle is met hulle nuwe ryhuis en die Jimny hier weg om deur Botswana, by Victoriavalle langs en tot die noorde van "Suid-Wes" te toer om 'n familie-byeenkoms by te woon. Hulle het gelukkig in een stuk weer tuis gekom.

Geluk aan André en Wilna Swartz, wat vanjaar hulle goue bruilof gevier het; 'n groot mylpaal! Sieg en Annatjie was hulle een jaar voor op 5 Mei, terwyl Mel en Lettie 57 jaar getroud was op 20 Mei. Veels geluk aan al die gouderige huweliksherdenkings!
Baie vreugde vorentoe.

Praat van Mel en Lettie; die twee het die stoute skoene uitgetrek en hulle wa van die hand gesit. Sekerlik 'n groot en moeilike besluit. Baie jammer dat julle nou nie meer saam met ons gaan wa opslaan nie, Mel en Lettie. Mens verstaan maar al te goed die uitdagings wat die woonwa in die laaste tyd vir julle geskep het. Nogtans, dit was lekker om te help met die wa se staanmakery. Ek het my dikwels verkyk hoe Mel om hulp vra en dan doelgerig instruksies gee oor hoe en presies waar dinge geplaas moet word; veral die oprol seildak: "Gelyk rol, kêrels". Nogal lekker as 'n man weet wat hy wil hê en hoe dit gedoen moet word. Maar, dit hoef nie die einde van hulle saam kampery te wees nie. Onthou net die suksesvolle saamtrek by Kleine Bela. Eers was daar net 4 huisies

bespreek en uiteindelik sommer 7 besprekings! Toe onttrek Jake en Ina weens gesondheidsredes, maar dit wys jou waar die moontlikhede lê. Terloops, daar word tans gekoukus om dalk huisies vooraf te bespreek, soortgelyk aan hoe ons kampplekke vir 'n jaar vooruit bespreek. Die klem lê op "soortgelyk", want so stram as wat sommige oorde dit maak om plek te bespreek teenoor hoe ons daaraan gewoond is, net so moeilik en moeiliker sal dit wees om huisies vooraf te bespreek met gunstige deposito reëlings. Daar moet nog heelwat gereken, gesom en besin word om 'n werkbare oplossing te vind. "Werkbaar" veronderstel 'n wen-wen situasie; dit is vir die oord en vir die Rietvalleiers. Oorde handhaaf al meer die gedagte dat hulle 'n groot deel van hulle inkomste wil realiseer by die vroegste moontlike geleentheid (soos in 48-uur na bespreking). Hoewel mens die risiko vir oorde kan begryp, hoop mens darem dat dit met die risiko van die kampeerders gebalanseer kan word.

Ongelukkig is alles nie aldag goeie nuus nie. Hennie Maas en Roekie Hill het ons onlangs ontval. Hennie en Ingrid het vir 'n paar jare nie meer gekamp nie, terwyl Roekie-hulle nog saam met ons jaareinde gehou het by SanChaLen in November 2023. Ons het gereeld terugvoering van Roekie se toestand van Henry en Tjaart ontvang, terwyl Roekie in die hospitaal was. Tjaart, ongelukkig, omdat sy skoonpa, oom Jan Roets, in dieselfde hospitaal was. Oom Jan is 11 Mei oorlede en Roekie 12 Mei. Ons het ons meegevoel en meelwing met die naasbestaandes betoon. Tog, ons hou hulle ingedagte en in ons gebede, vir troos, vir die aanpassing en die nuwe pad vorentoe.

Pieter le Roux het ons groot laat skrik toe hy Saterdagmiddag by Almega siek geword het en dieselfde aand nog in die hospitaal opgeneem is, vir 'n operasie later in die volgende week. Baie dankie aan Hennie en Gideon wat voorgestel, aangebied en daad by die woord gevoeg het om Pieter en Elmarie "gou" huis toe te neem. Elmarie-hulle het hulle woonwa en motor die Sondagmiddag kom haal – só gou moes dit Saterdag gaan. Pieter se operasie het goed afgeloop en hy het al "ge-huisie" by Kleine Bela.
Stof tot dankbaarheid – dink ons.

Elsette Jacobs was intussen baie siek en elke nou en dan was daar 'n dreigement van 'n groot operasie. Maar, Maandag 27 Mei loop ons haar raak en sy voel BAIE beter. Sy praat van weer gaan kamp en die hoop is dat dit weer vir haar moontlik mag wees, selfs in 'n huisie.

Gerugte het die rondte gedoen dat oom Neels en tannie Rina verhuis het. Oom Neels sê dis afgehandel en hulle bly baie lekker in hulle nuwe blyplek. Geniet dit daar en ons hoop julle kan die nuwe "oulike plekke" kry waar die helpers julle "goeters" gebêre het.

Wel, dan tot 'n volgende keer. Sien julle by Hartbeeshoek vir die AJV – hopelik!

....En goed kom hulle klaar!

**Vir julle saamkampers…**

**Ek tou nou al 2 jaar met my 1400 nissan bakkie… hy het nie 'n canopy op nie maar het darem 'n groot seil waarmee ek my 5 kinders toemaak as dit reën agter op ...**
**Ek het nou vir my 'n groter karavaan gekoop, 'n 6 bed 1982 Gypsy …**
**Ek hoor 'n geklap by die wiel as ek ry, maar gelukkig as ek my venster toemaak hoor ek dit nie meer nie ... veral teen hoë spoed ...**
**My stabeliser is al gebuig maar my 4 pond hammer het hom darem weer in 'n werkende toestand gekry ...**
**Die karavaan se flikkers en stop ligte werk ook nie lekker nie ... maar skoonma gaan saam die jaar en aangebied om agter in karavaan se venster te sit en vir die mense agter my aan te dui wanneer ons gaan stop of draai ...**
**Die dak het bietjie gelek met nou die dag se reën ook maar die swart asblik sak en tape klink my het sy tong af ... hy lek nie meer nie ...**
**Die karavaan se trekstang se inklip gedeelte is darem in goeie kondisie maar ek moes dikker draad koop die jaar om hom aan die bakkie se haak vas te maak ... my bakkie se haak is af maar die raam is nog perfek … 2 mm dink ek is bietjie dun vir 'n 6 bed … ek het nou 2.5 mm draad gekoop om seker te maak hy is veilig agter my…**
**Die tent gedeelte hoor ek kort 'n paar penne, maar ek stress nie veel oor dit nie … daar is mos genoeg bome orals ...**
**Die grond seil is ook weg blykbaar, maar daai hinder my ook nie … Skoonma is saam en sal alarm maak as iets snags daar rondloop ...**
**Kamp stoele is ook min, maar ek vat 'n paar plastiek 20l verf dromme saam ...hulle is lig en sit lekker …en as dit reën draai ons hulle om en vang water vir skottelgoed was en daai… spaar ons baie om elke keer na die waspunte toe te loop en kan ook werk as 'n dongo as skoonma begin koud kry ..ek's baie lief vir die ou siel ...**
**My krag draad se kop is af, maar mense is vriendelik by kamp plekke ons join gewoonlik êrens net my draad by iemand ...**
**My leadlight werk nou ook al jare as 'n lig vir ons in die aand ...en wat hom lekker maak is jy kan orals rondloop met hom in jou karavaan en tent ...**
**Ek grou ook nie walle om my tent teen reën nie, dit is onnodig ...skoonma is saam die jaar en sal gou alarm maak as water inloop en daai plastiek dromme skep vinnig water op as dit begin inloop ...**
**Ek hou ook baie daarvan om te braai elke aand ... gewoonlik op die ou langs my se braai want dan het ek nie daai probleem om hom skoon te hou nie of kop te hou as die vuur hand uit ruk nie ...die bure sê my gewoonlik ...**
**Ek is teen tv gekant op vakansie my kinders hardloop gewoonlik eerste by die mense langs ons kamp in nog voor ek begin afpak ...en as hulle skree ...Ja Pa hulle het 'n tv! weet ek problem solved ...**
**Kyk uit vir ons Die Van Tonders!**
**Nou die advies wat ek graag wil vra .... ek het n blou 6 bed 1982 Gypsy karavaan gekoop ...moes ek eerder n witte gekoop het??**

## Geleen by die van Tonders

# Ter nagedagtenis - Roekie



Sy was n Blymoedige persoon.

Te midde van haar gebrek was sy altyd Positief.
Nooit iets negatief van iemand ander gesê nie.
Kon lekker lag. Was kwaai met Henry as hy onnodig geld wil spandeer.
Sy was rigtingloos en verdwaal maklik. Het al tydens 'n Kamp-naweek verdwaal. Die hekwag het haar gehelp en haar na die karavaan toe gebring.
Back seat driver: Het altyd vir Henry vertel hoe om te bestuur en in watter rat hy moes ry. Wanneer ek haar vleis moes braai, was sy baie voorskriftelik. Draai nou die vleis om en gooi nou sout.
Baie geval maar altyd opgestaan en gelag.
Roekie het altyd na Jameson Wiskey verwys, as Chambelains. Kon haar nooit anders oortuig nie. Sy het ook altyd geargumenteer dat jy op Kaap toe ry, nie af Kaap toe nie. Was altyd liefdevol en vriendelik. Wou altyd almal tevrede stel. Sy was altyd my ou Drinking partner op toer, maar sal dit nie in die openbaar oorvertel nie.

Tinus

Roekie – ja wat kan ons sê anders as ons gaan jou glimlag en laggie mis!

Wat my altyd sal bybly - in 2011 doen ons met onder andere Henry en Roekie, 'n Mosambiekse toer – altyd netjies geklee en hare ewe bypassend gekartel! Êrens tydens 'n besoek aan en stappie op die strand verloor sy haar balans en val in die vlak water… Wat gebeur toe? Henry raas en sy lag net!!

RIV Roekie.

Tjaart en Marietjie.





(Fotos – Johan la Grange gedurende ons blommetoer 2019)




**Die Dood is so Finaal**

Ons kla oor grys hare -
kanker pasient wens sy het hare gehad!
Ons kla oor nuwe skoene -
die kreupele wens hy het voete gehad!
Ons gooi kos weg -
honger mense bid net vir stukkie brood!
Ons baklei en sê ons geliefdes sleg -
êrens in die lewe sit iemand alleen en bid vir liefde om oor hulle pad te kom!
Ons ouers irriteer ons soms of ons opinies verskil -
maar erens in 'n ouetehuis sit ou mense en bid vir n kuiertjie van hul kinders wat hulle weg gegooi het!
Ons baklei met ons kinders en ons kinders met ons -
êrens sit 'n ma of 'n kind by 'n graf en ween en wens net vir nog één dag saam met daai persoon!
Ons bekommer onsself oor watse geskenk ons gaan kry of koop -
êrens sit n ma en bid dat sy net die Kersfees 'n brood en 'n bottel aanmaak koeldrank en miskien 'n stukkie hoender vir haar kinders kan voorsit! Wat nog te sê 'n geskenk?
Ons moan oor vet of maer wees -
êrens veg iemand om oorlewing en wag vir 'n orgaan!
Wees dankbaar vir wat jy het, wie in jou lewe is en wees tog geduldig en klaar dinge uit op 'n mooi manier!
Dink oor hoe geseënd jy is en hoe jy dinge sommer maar net verwag omdat dit jou toekom!
Dis aardse goed en 'n gejaag na wind!
Hartsake en liefde is meer werd as enige groot duur geskenk of 'n nietige bakleiery!
Die dood is so finaal, maak die beste van jou en jou geliefdes se lewe!!!

Skrywer onbekend

"You must take personal responsibility. You can not change the circumstances, the seasons, or the wind, but you can change yourself." (Jim Rohn)




# Lag is goed vir die siel.

Hallo almal! Vakansies was altyd groot pret op die plaas, ons kon die spanning van die skoolwerk afskud en net weer kind wees sonder enige verantwoordelikhede. Die een jaar toe karring ouma aan oupa dat hy ons gerus bietjie wildtuin toe kan vat vir die Junie vakansie, en na sy hom met 'n volbloed egskeiding waar sy hom kaalgat sal uittrek gedreig het, het oupa ingestem. Vir dae het ons beplan en koekies gebak en skaap geslag en biltong en droëwors gemaak, en na vele rustelose dae, breek die dag van vertrek aan. Ek was matriek daardie jaar, hakskene toe al lekker rooi, en ek sien veral uit na die mooi bewaardertjies wat daar sal wees, en toe ek hoor daar is 'n hele toergroep wat daar gaan wees, toe blom ek omtrent. Die evil ene is eintlik koorsagtig van opgewondenheid, want volgens haar moet elke meisie iewers in haar lewe 'n vakansie romanse hê, en met soveel bulle daar in die bosse waar al die natuur se instinkte bedrywig is, kan dit mos net lekker raak.

So kom ons ook laat middag by die kamp aan, en almal pak af, oupa knor en ouma raas, maar 'n uur later toe het elkeen 'n rusplek vir die nag, die vleis is in die deepfreeze en die ander kosse is weggepak. Ek en oupa besluit om so draai deur die kamp te stap en sommer met die mense kennis te maak, meer om van ouma af weg te kom as iets anders, want haar kliere is geswel volgens oupa, dis hoekom sy so moeilik is.

So met die rondstap ontmoet ons al die gaste wat daar ingeboek is vir die week, onder andere 'n gesin van Duitsland, 'n oom en tannie van iewers in die Transvaal (regte dronkgatte sou ouma later brom) nog 'n gesin met die mooiste twee seuns en 'n vrou met haar opgeskote dogter. (Ouma het amper tien aanvalle van suurderm gehad, want die vrou is 'n weduwee wat jeuk (ek weet nie waar nie, ouma het so gesê) en oupa was 'n aantreklike man met sy silwer hare en breë skouers, en sy het omtrent om oupa gekoer.)

Daar word toe sommer terstond besluit almal bring hulle vleisie en bykos en ons braai saam daar bo by die lapa. Die oom en tannie wil net weet is daar genoeg ys daar bo, en die teringgestalte (ouma se naam vir die weduwee) wil by oupa weet of hy asb hulle ou vleisie ook sal braai, sy kan dit tog nie doen nie. En oupa is pure hingsperd en beloof om vir haar 'n tjoppie te braai dat sy haar vingers aflek. Ouma kry nog 'n suurderm aanval en ek sien hier kom 'n ding, want as ouma haar skouers so agteruit trek, en haar bolip krul so om, dan moet jy weet, hierdie Duitser klap vir jou dat jy dink jy is omsingel.

So het ons almal ons koelbokse gaan pak, en dis 'n vrolike groepie wat later daar om die groot vure bymekaar is. Die omie van Transvaal draai sy rum se proppie af en trap hom plat, want vanaand gaan ons kuier tot die bottel klaar is. En die teringgestalte draai om oupa soos 'n vlieg wat landings plek soek op kos.
"Ag Hennie darling, kan jy asb vir my 'n wyntjie skink"?
"Ag Hennie sweetie, nog so bietjie ys asb"!
"Oee Hennie patat, jy is darem so handig met die braaivleis tang"!
En dis toe net daar wat die Duitser se bloed en pensmis meng, en ouma rys uit tot haar volle grootte en stap op die twee af waar hulle by die vuur staan.

"Luister hier, jou oorlamse willehaar jakkalsding, loop tjank by iemand ander se gat, hierdie is MY man, en los sy arm, hy staan al vir die afgelope sestig jaar op sy eie twee pote, jy het nie nodig om hom regop te hou nie" en ouma ruk haar so hard aan haar arm dat haar linkeroog se vals wimper in die vuur val.
"En sy naam is Hendrik, wat se ge 'Hennie Hennie' strooi is die? Jy is darem maar rerig orig vir so 'n ou vrou! Piet, kom braai die adder se vleis, oom Hendrik sê sy kop is seer, hy wil gaan slaap!" en met die woorde draai ouma om, en storm soos 'n gewonde koedoebul die donker paadjie af terug chalet toe.

"Oom, roep die tannie terug, sy kan nie so in die donker alleen loop nie, daar is slange en wilde diere hier rond" sê Piet, een van die wildbewaarders, toe hy die braaitang by oupa vat.
"Ou seun, vir hulle part hoop ek hulle bly in hulle gate, want daai Duitser vermoor die hele wildlewe op haar eie as een nou in haar pad kom, sy is nou moeilik verby. Braai jy maar verder, laat ek loop kyk" en oupa sit vir ouma agterna.

Aarde sluk my in! Tot die omie van Transvaal het vir 'n oomblik van sy glas vergeet! Maar gelukkig brul daar leeus in die verte, en almal se aandag is weggelei van die amperse moord wat plaasgevind het. En net daar besluit die klomp ons gaan môre oggend vroeg op 'n game drive, want die leeus moet ons gaan soek.

So gesê, so gedaan. Ek kry darem vir ouma sover om ook saam te kom, net omdat ek vir haar gesê het ons gaan die leeus soek, en sy kan vir teringgestalte vir hulle voer!

Die volgende oggend dou voordag staan ons almal koulik vir die toergidse en wag, en ek bewe sommer bietjie meer toe een van die mooi ouens langs my inskuif, wat hom ewe ridderlik genoodsaak om sy arm om my te sit vir ekstra hitte sien. Maar ouma het ewe skielik xray oë ontwikkel.
"Jong man, klou eerder aan die reëling vas en los my kleinkind, ek kastreer vir jou met 'n soplepel en broodmes!" en sy vou die kniekombers wat sy saamgebring het om my skouers. Ek voel hoe 'n beroerte op my toesak! Weet jy! My hele bleddie lewe is daarmee heen! Dis fine as sy nog kwaad is vir oupa, maar ek het haar mos niks gedoen nie! Maar die outjie skuif toe maar so handbreedte weg, en ek trek amper die kombers oor my kop van skaamte.

Gelukkig trek die bakkies weg, en almal se aandag is by die vroeg oggend skemerte om ons, op soek na wildlewe. Ons kry 'n hele paar wild te sien, onder ander die leeus wat dik gevreet onder 'n boom lê.
"Hendrik, sê vir die mannetjie hy moet stop, laat ek die teringgestalte oor die kant kan stamp, daai een mannetjie leeu lyk of hy nog honger is" en ouma skuif ook sommer vorentoe, reg om die weduwee die ewigheid in te help.
"Vrou, jy sal maak dat die mense ons verban hierso, stop nou jou nonsens en sit stil, jy maak dat die koue wind hier oor my blaaie waai met jou gevroetel!" en oupa trek die kombers stywer om sy bene.


Gelukkig vir ons kom daar net op daardie oomblik 'n trop olifante oor die pad gestap, en almal se aandag is by die groot diere, tot ouma vergeet vir 'n oomblik van haar wraakgedagtes, en haal haar kamera uit. Tot vandag toe weet ons nie was dit die geklik van die kameras of die gilletjies van die teringgestalte en haar spruit nie, maar een van die olifant bulle draai sy kop en kom reg op ons bakkie afgestap! Maar aan sy stap en kopswaai

kan tot ek wat 'n leek is sien die ou kom nie om ons te kom groet nie, hy is so moerig soos ouma as ons strooi aangejaag het!


"Everyone, please do not make any sudden moves or sounds, please be very quiet" en die twee wildbewaarders laai die gewere met die verdowingspyle in. Nou kyk, oor die algemeen is ek nie 'n bang mens nie, maar goeie hel daai goed is baie groter tien tree voor mens as wat hulle tien tree voor jou op die tv is! Tot ouma is doodstil. Die olifant loop tot langs die bakkie en begin met sy slurp so voel voel oor die seiltjie bo ons vroetel, en niemand roer nie, ons lyk soos verkleurmannetjies, net ons oë roer.
"Hendrik, dink jy olifante vreet ook mense"? fluistervra ouma hier by oupa se oor.
En daar spring oupa se bearings uit rat en hy draai met 'n kwaai kyk na ouma toe.
"Sanna! So waar as wat my ma onder Remmington se rooi grond lê, jy stop jou stront nou of ek voer jou vir die bleddie leeus, my magtig man!" en oupa klap met sy hand teen die kant van die bak.
En dit was net te veel vir die olifant bul wat klaar op sy senuwees was, hy gooi sy kop agteroor, en trompetter dat ons ore toeslaan, en nog voor ons tot verhaal kan kom, slaan hy met sy slurp teen die traliewerk van die bakkie. En die teringgestalte word flou, val met haar kop skuins, en daar trek die pruik! Die tannie van Transvaal is nog winddronk na gisteraand, en toe die warboel hare op haar skoot val, gil sy moord en spring bo-op die een wildbewaarder se skoot. Die is so gespanne, hy kry stuipe en trek die sneller, en daardie verdowingspyltjie vlieg soos 'n by en land netjies binne in ouma se bo-arm. Nou moet julle weet, daar is genoeg stof daarin om 'n olifant uit te sit, en ouma kap om soos 'n vrot vel, en haar tande val op die Duitse vroutjie voor ons se skouer. Sy klap daardie paar cafe tanne dat hulle so wip wip verby die ander wild bewaarder se kop trek! Dit was een te veel vir die rou geskaafde gemoed van die wildbewaarder en die start van die bakkie en die wegtrek was een beweging, en ons ry die arme olifant bul toe onder die stof, en ouma se tande wat spierwit in die rooigrond agterbly, met die pruik soos 'n ou mop langs dit.

By die kamp gekom het die medics ouma in die helikopter gelaai, die teringgestalte is met 'n draagbaar chalet toe gedra, en die res van ons het gaan skoon broeke aantrek. Die wildbewaarders en oupa is later die oggend terug na die ongelukstoneel om ouma se tande en die pruik te gaan soek, maar kon dit nêrens opspoor nie. (Oupa het agterna vertel daar was 'n paar hiënas in die omtrek, en een van hulle het baie breër as die res gesmile met 'n moerse bos hare) Ouma was vir die res van die week so uit soos 'n kers, en sy het bygekom net voor ons moes terug, maar sy was doodstil op die pad, nie 'n woord gesê nie.

Oupa het die wildbewaarders 'n tas vol geld aangebied vir 'n paar van daai pyltjies, maar hulle wou niks weet nie. Nou ja vriende, mooi bly, bly warm en groete van huis tot huis. 😄😄😄



# Kampkos




## Loaded Broccoli Cauliflower Salad

A delicious and hearty salad loaded with fresh broccoli, cauliflower, crispy bacon, cheddar cheese, and a creamy dressing. Perfect for potlucks, picnics, or as a side dish.

Ingredients:

3 cups fresh broccoli florets
3 cups fresh cauliflower florets
1/2 cup red onion, finely chopped
1 cup shredded cheddar cheese
1/2 cup cooked bacon, crumbled
1/2 cup sunflower seeds (optional)
1/2 cup dried cranberries (optional)

For the Dressing:

1 cup mayonnaise
1/2 cup sour cream
2 tablespoons apple cider vinegar
2 tablespoons granulated sugar
Salt and pepper to taste


### Instructions:

### Prepare the Vegetables:

Cut the broccoli and cauliflower into small bite-sized florets.
Finely chop the red onion.
Make the Dressing:
In a small bowl, whisk together the mayonnaise, sour cream, apple cider vinegar, granulated sugar, salt, and pepper until smooth and well combined.
Assemble the Salad:
In a large mixing bowl, combine the broccoli florets, cauliflower florets, chopped red onion, shredded cheddar cheese, crumbled bacon, sunflower seeds (if using), and dried cranberries (if using).
Add the Dressing:
Pour the dressing over the salad ingredients.
Toss everything together until the vegetables are well coated with the dressing.
Chill.
Cover and refrigerate the salad for at least 1 hour before serving. This allows the flavors to meld together.
Serve:
Give the salad a good stir before serving.
Serve chilled and enjoy this loaded broccoli cauliflower salad as a tasty and nutritious side dish.

# Kom ons lag saam




JUFFROU vra vir Jannie: "Maak asseblief 'n sin met oomblik."
Jannie sê: Die klein blkkie noem die groot blik "oomblik."

Waar kom die sêding EK HET JOU LIEF vandaan? Eva bad in die stroompie en haar blaartjie dryf weg. Toe sy uitklim staan Adam op die wal en swaai die blaar heen en weer en sê: "EK HET JOU LEAF!"

Ek wil nou nie 'n braggat wees nie, maar ek kry vandag 'n e-mail van die bank af wat sê: "You are outstanding"

Die prys wat jy betaal vir 'n heel hoender by Woolies … sal mens dink die arme ding is dood in Medi-kliniek!

Boemelaar val flou voor Nando's en 'n tannie skree, gee hom 'n lemoen dit sal hom help. Hy reply. Voetsek!!! Dan sal ek mos by Fruit & Veg flou geval het.

KOOK EN GENIET is nou ook in Xhosa beskikbaar. Elke resep begin met: Vat 2 gesteelde hoenders.

Ek wou gewig verloor, maar ek hou nie van verloor nie.

Beurtkrag… Nuwe Fases …

Fase 1: steek aan die vuur

Fase 2: gooi 'n dop.

Fase 3: braai 'n chop.

Ek kry nou so warm ek het begin fotos delete waar ek baadjies aan het!

# Verjaardae en herdenking

**Veels geluk aan al die Rietvalleiers wat die laaste paar maande verjaar het.**



**"MAG JOU VOETSPORE JOU NEEM TOT DAAR WAAR JOU HART DIE GRAAGSTE WIL WEES & MAG DIE DAG EN JAAR BAIE GESEËND WEES!"**

**Aan diegene wat nog 'n jaar by die getroude lewe gevoeg het, en ook, as daar spesiale herdenkings was, baie geluk. Mag jul liefde vir mekaar elke dag net groei.**



**Twee mense wat die lief en leed van 'n leeftyf gedeel het en in hul gryse ouderdom steeds die romanse van hul liefde behou het, het ware liefde gevind!**

Aan Rietvallei kampmaats

In aanloop tot die skrywe van die brief het ons rustig gaan sit en terug gedink oor 25 jaar by SAWA. Ons herhinner ons aan soveel wonderlike oomblikke. Daar is soveel dat dit nie die skrywe van die brief sal regverdig nie. Dit bly gelukkig goeie oomblike wat meeste op fotos vasgevat is. Ons dink aan soveel suksesvolle Presidente, Sitrusfeeste, Wildtuintoere, kaskarwedrenne, geheime kampe, streeks maandkampe en nog vele geleethede tussenin. Ek en Magda was in die 25 jaar op twee streeks besture met 9jaar as voorsitter by die daaityd bekende streek Mooifontein. Sal ons oom Davie se Gebiedsvergaderings ooit vergeet.

Ek en Magda roem ons daarop dat daar `n toekenning in ons kas is vir 10jaar agtereenvolgende 100% kampbywoning. Dit was lank terug toe dit nog heelwat meer bekostigbaar was. Ek is bevrees dat dit nie in vandag se tyd meer heeltemaal so maklik doenbaar is nie.

Streek Mooifontein was dan ook op sy tyd die grootste streek in SAWA waarvan ek Rudi darem deel kon wees. Die goeie herhinneringe sal vir ewig met my wees.

Ek en Magda kan net goeie dinge onthou as ons terug dink aan ons tyd by streek Rietvallei. Wat `n wonderlike klomp mense. Die afgelope paar jaar was goed saam met julle. Julle is natuurlik ook belas met die huidige tendens en probleem wat SAWA as geheel het. Die maandelikse kamp groepie word al hoe kleiner en kleiner met Rietvallei bestuur wat alles probeer om die aktiewes bymekaar te hou. Dankie vir elke oomblik saam met Rietvallei. Julle is tops.

Ter afsluiting wil ek dan kom by die doel van die brief.
Dit is nou meer as 2 jaar wat ek en Magda nie kon saam kamp nie. Dit is hartverskeurend om elke maand die kampprogram en kamp terugvoer te sien. Wensend dat ons deel daarvan kon wees. Ongelukkig het die lewe met ons `n ander draai geloop as wat ons beplan het, wat veroorsaak het dat ons nie meer kan bekostig om saam te kamp nie. Dit het net te duur geraak en as jy moet kies tussen kos in die huis met petrol vir werk toe en terug en kamp, kom kamp ongelukkig tweede.

Dit is ons gevoel dat dit nie regverdig is teenoor die streek, teenoor onsself en teenoor ons kamp maats om aan te karring met die hoop dat dit dalk eendag sal beter gaan…. Terwyl ons weet dit sal nie. Ons wil dan met die skrywe van die brief ons skriftelike bedanking indien by SAWA. Ons ledegelde was al laas jaar betaalbaar en almal word net aan `n lyntjie gehou.

Aanvaar dan asb. ons bedanking as lede van SAWA en SAWA Rietvallei met onmiddelike effek.

Dit was 'n besonderse voorreg om vir so lank deel te kan wees van 'n besonderse organisasie. Ons gaan julle verseker mis … almal van julle. Ons kan maar net hoop julle ons ook.

Ons bid almal in SAWA 'n voorspoedige en welvarende toekoms toe. Mag julle nog vir jare voortbestaan en 'n verskil maak daar buite as 'n Christelik georiënteerde organisasie.

Liefde Groete
Rudi en Magda Britz

**"Happiness resides not in possessions, and not in gold, happiness dwells in the soul."        (Democritus)**

<u>**SAWA lede met besighede of stokperdjies!!**</u>

**Ons sal jul advertensies plaas vir slegs R250 vir die jaar! Kontak Rietvallei Bestuur.**




„Die volgende hoofstuk van jou lewe is nog ongeskrewe."

<u>**(Onbekend)**</u>

*Magda Britz*